higher education & training

Department:
Higher Education and Training
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

NASIENRIGLYN

NASIONALE SERTIFIKAAT

PUBLIEKE ADMINISTRASIE N4

2 Junie 2021

Hierdie nasienriglyn bestaan uit 10 bladsye.

Kopiereg voorbehou

AFDELING A

VRAAG 1

1.1 Waar
1.2 Waar
1.3 Waar
1.4 Waar
1.5 Onwaar
1.6 Waar
1.7 Waar
1.8 Onwaar
1.9 Onwaar
1.10 Waar

(10 × 2) **[20]**

VRAAG 2

2.1
- Skryf wette
- Monitor die uitvoerende raad
- Die wetgewer wat wette uitvaardig, mag dit nie ook afdwing of regsbesluite daaroor neem nie (Enige 1 × 2) (2)

2.2
- Nasionale vlak: Parlement
- Provinsiale vlak: Provinsiale Wetgewer
- Plaaslike vlak: Munisipale Raad/Stadsraad (3 × 2) (6)

2.3 NASIONALE REGERING

- Nasionale of sentrale regering
- Bestuur die staat op die hoogste vlak
- Verantwoordelik vir die hooforganisasie en administrasie op sentrale vlak deur beleid te stel en wette te maak wat alle ander vorme van regering bind.
- Parlement het die mag om wette op sentrale vlak te maak. (Enige DRIE)

PROVINSIALE REGERING

- Provinsiale of streeksregering
- Tweede vlak van regering
- Nege provinsiale regerings vir die nege provinsies
- Nie totaal onafhanklik nie en kan slegs die provinsie regeer in soverre die nasionale regering dit toelaat
- Provinsiale wette en beleid mag nie met sentrale wette en beleid bots nie.
- Provinsiale wetgewer aanvaar wette vir die provinsie. (Enige DRIE)

PLAASLIKE REGERING

- Plaaslike of munisipale vlak van regering
- Kleinste vorm of derde vlak van regering
- Speel 'n belangrike rol in die regeringsprosesse van 'n demokratiese gemeenskap, want amper alle inwoners van 'n dorp of stad mag aan plaaslike verkiesings deelneem.
- Geleentheid vir gewone burgers om hul eie sake onafhanklik te bestuur
- Besluite moet in ooreenstemming wees met enige alle sentrale en provinsiale wette en beleide. (Enige DRIE)

(3 × 3) (9)

2.4

- Regering is 'n stelsel wat 'n staat of gemeenskap bestuur.
- Bestaan uit wetgewers, administrateurs (uitvoerende gesag) en arbiters (geregshowe en regters).
- 'n Liggaam van mense en instellings wat wette in 'n bepaalde gemeenskap maak en afdwing
- In drie vlakke verdeel: nasionale, provinsiale en plaaslike regering
- Hoogste politiese instelling in 'n staat en bestaan uit 'n aantal uitvoerende politieke ampsdraers (3 × 1) (3)

[20]

TOTAAL AFDELING A: 40

AFDELING B

VRAAG 3

3.1
- Derde vlak van regering in dorpe en stede.
- Verseker dat nasionale en provinsiale beleid op plaaslike vlak toegepas word.
- Die regering wat die naaste aan mense is en hul behoeftes die beste verstaan
- Om demokratiese en verantwoordbare regering vir plaaslike gemeenskappe te bied.
- Om maatskaplike en ekonomiese ontwikkeling te bevorder.
- Om 'n veilige en gesonde omgewing vir gemeenskappe te bevorder.
- Om gemeenskappe se betrokkenheid by kwessies rakende plaaslike regering aan te moedig.
- Munisipaliteit het die reg om op eie inisiatief te regeer, onderhewig aan nasionale en provinsiale wetgewing en die Grondwet.
- Munisipaliteite stel regulasies op oor aangeleenthede wat plaaslike gemeenskappe raak. (Enige 4 × 2) (8)

3.2
- Water
- Paaie
- Sanitasie en vullisverwydering
- Elektrisiteit
- Vervoer
- Primêre gesondheidsdienste
- Onderwys (nie skoolopleiding nie)
- Behuising
- Verkeersbeheer
- Begraafplaas- en krematoriumbeheer
- Stormwaterdreinering
- Brandweer
- Biblioteke
- Kunsgalerye
- Slagpale
- Sport en ontspanning
- Voorkoming van besoedeling
- Munisipale veiligheid
- Toerisme
- Lughawens
- Stedelike en landelike ontwikkeling (Enige 6 × 1) (6)

Kopiereg voorbehou

3.3
- Moet 'n Suid-Afrikaanse burger wees
- Moet 18 jaar of ouer wees
- Moet geregistreer wees om te kan stem
- Moet 'n wettige stemdokument (ID) hê
- Moet 'n permanente inwoner van die land wees
- Moes voor die inwerkingtreding van die nuwe Grondwet die kind gewees het van 'n burger wat die land as permanente burger binnegekom het.
- Moet sedert 31 Desember 1978 in die land wees
- Nie 'n Suid-Afrikaner nie, maar is deur die parlement die reg gegee om te stem
- Nie onderworpe aan enige diskwalifikasies in die wet nie. (Enige 4 × 2) (8)

3.4
- Genees die verdeling van die verlede en skep 'n samelewing gebaseer op demokratiese waardes, maatskaplike/sosiale geregtigheid en basiese menseregte.
- Lê die grondslag vir 'n demokratiese en oop samelewing waarin regering gebaseer is op die wil van die mense en elke burger ewe beskerm word deur die wet.
- Verbeter die lewensgehalte van alle burgers en maak alle mense se potensiaal vry.
- Bepaal die verhouding tussen burgers en staatsinstellings.
- Bou 'n verenigde en demokratiese Suid-Afrika wat sy regmatige plek as 'n soewereine staat in die familie van nasies kan inneem.
- Dien as 'n stelsel van basiese beginsels en reëls waarvolgens die land regeer moet word.
- Spel die magte uit waarvolgens staatsinstellings mag regeer.

(Enige 5 × 2) (10)

3.5
- Verwys na vrye en regverdige verkiesings waaraan alle burgers kan deelneem sonder om gedwing te word om vir 'n bepaalde party te stem
- Geregistreerde kiesers mag stem vir die politieke party van hul keuse.
- Na die verkiesing kan die party met die meeste stemme 'n regering saamstel.
- Die mense van 'n land is oppermagtig en vestig hul regering deur verteenwoordigers te kies.
- Die regering verkry sy mandaat om te regeer van burgers van die land.
- As die burgers nie tevrede is met die regering nie, kan hulle hierdie mandaat terugtrek deur hulle in die volgende verkiesing uit te stem.
- Die regering dien burgers van die land; die burgers dien nie die regering nie. (4 × 2) (8)

[40]

VRAAG 4

4.1
- Voer alle aktiwiteite uit wat deur die president of Grondwet aan hulle opgedra is
- Help die president
- Het dieselfde take as lede van die kabinet
- Is saam met lede van die kabinet gesamentlik en individueel verantwoordbaar aan die parlement.
- Voer die pligte van die president in sy/haar afwesigheid uit
- Doen gereeld verslag aan die parlement oor gebiede wat hulle beheer.

(Enige 4 × 2) (8)

4.2
- Sluit aktiwiteite in ter voorbereiding van die skryf van wette
- Sluit die bestuur van verskillende staatsdepartemente in die regering in
- Verseker dat wette uitgevoer word
- Nie betrokke by die inwerkingstelling of administrasie van wetgewing nie

(Enige 2 × 1) (2)

4.3
- Dien beleidsvoorstelle by die kabinet in
- Maak voorstelle vir sy/haar departement in die kabinet
- Maak voorstelle oor doelstellings vir sy/haar departement
- Verseker dat wetgewing goedgekeur word om hierdie doelstellings te bereik

(Enige 2 × 2) (4)

4.4
- Die parlement sal voortaan deurlopend in sitting wees
- Lede geniet vryheid van spraak
- Parlement het sy eie boetes
- Parlement funksioneer deur middel van debatte waarna 'n besluit geneem word.
- Nadat 'n wetsontwerp voorgestel is, word daaroor gedebatteer en gestem; 'n meerderheidstem moet bereik word
- 'n Kworum van minstens die helfte van die huis moet teenwoordig wees
- 'n Komiteestelsel word gebruik om verskille op te los
- Die belangrikste funksie is die uitvaardiging van wette
- Daar is geregtelike beheer oor die parlement
- Moet die uitvoerende gesag verantwoordelik hou
- Kan enige persoon of instansie dagvaar om getuienis af te lê of dokumente te verskaf
- Moet toestem dat 'n noodtoestand verklaar word
- Kan 'n mosie van wantroue in die kabinet indien
- Beheer staatsinstellings
- Kan die Grondwet wysig
- Debatteer en stem oor die jaarlikse begroting
- Stel 'n gesamentlike reëlskomitee saam om reëls en bevele op te stel

(Enige 6 × 2) (12)

Kopiereg voorbehou

4.5
- Identiteitsdokument word geskandeer en gekontroleer
- Die kieserslys word nagegaan en jou besonderhede word doodgetrek
- Die regterduim se basis word nagegaan vir onsigbare ink
- 'n Druppel ink word op die regterduim se basis aangewend
- Kieser ontvang twee stembriewe: vir NA en provinsiaal
- Kieser merk die party van sy keuse op elke stembrief
- Kieser plaas NA-stembrief in die nasionale stembus
- Kiesers plaas die provinsiale stembrief in die provinsiale stembus
- Kieser verlaat die stemlokaal (10 × 1) (10)

4.6
- Moet 'n Suid-Afrikaanse burger wees
- Moet kwalifiseer om in algemene verkiesings te stem
- Moet 'n eed aflê om hul pligte na te kom (Enige 2 × 2) (4)

[40]

VRAAG 5

5.1 5.1.1
- TRADISIONELE STELSEL
  Die kinders beskou die vader as die enigste broodwinner en besluitnemer.
  Die vrou is 'n voltydse huisvrou/opvoeder en moet gehoorsaam wees aan die man.

- KAMERAADSKAPLIKE STELSEL
  Die man is die gesin se broodwinner en besluitnemer, maar die vrou se advies word in ag geneem.
  Die vrou het 'n deeltydse of ondersteunende werk; haar hooffunksie is opvoeder en tuisteskepper.
  Sy ontvang erkenning vir haar nie-huishoudelike vaardighede en geniet onafhanklikheid.

- EGALISTIESE STELSEL (STELSEL VAN GELYKHEID)
  Beide man en vrou het loopbane en onderhou die gesin.
  Albei stem onderling in om huishoudelike take te doen.
  Die vrou se rol as tuisteskepper is ondergeskik aan haar loopbaan. (3 × 2) (6)

5.1.2
- Ontvang en ondersoek klagtes van die publiek teen die regering, staatsinstansies of amptenare.
- Ondersoek onbehoorlike gedrag in staatsake of openbare administrasie op enige regeringsvlak (wanadministrasie, magsmisbruik, skending van menseregte, oneerlikheid).
- Moet aan die publiek verslag doen oor daardie gedrag
- Mag geen hofbeslissing ondersoek nie (4 × 2) (8)

5.1.3
- Hulle het jurisdiksie oor alle grondwetlike aangeleenthede, behalwe aangeleenthede waaroor slegs die konstitusionele hof kan beslis.
- Hulle is ook gevestig in provinsies met appèlhowe.
- Hulle hoor sake aan wat so ernstig is dat laer howe nie bevoeg is om 'n behoorlike uitspraak te lewer nie.
- Hierdie howe kan oortreders tot lewenslange gevangenisstraf veroordeel, tensy die wet dit verbied.
- Besluite is bindend op landdroshowe in die jurisdiksie.
- Hooggeregshofregters word na raadpleging deur die president aangestel. (Enige 4 × 2) (8)

5.2 5.2.1
- Voorsitter en 19 verteenwoordigers
- Hulle word deur 'n kieskollege verkies
- Grondwet maak voorsiening vir die oprigting van die Raad
- 20 lede is lede van die huise van tradisionele leiers van verskillende provinsies (4 × 2) (8)

5.2.2
- Om die nasionale regering te adviseer en aanbevelings te maak oor aangeleenthede rakende tradisionele owerhede, inheemse reg en gebruike
- Om die president te adviseer oor aangeleenthede van nasionale belang
- Die raad het die mag om uitvaardiging van wette ter wille van tradisionele behoeftes uit te stel.
- Hulle is die verteenwoordigende liggaam vir tradisionele leiers in die parlement.
- Enige parlementêre wetsontwerp rakende tradisionele owerhede, inheemse tradisies en gewoontes van tradisionele gemeenskappe moet na die raad verwys word vir kommentaar, advies en ondersteuning nadat dit deur die huis waarin dit ingestel is, deurgegee is en voordat dit aan ander huise van die parlement bekendgestel word. (5 × 2) (10)

[40]

Kopiereg voorbehou

VRAAG 6

6.1 6.1.1

- Dit is die jaarlikse amptelike opening van die parlement.
- Boodskap van die staatspresident aan die mense van Suid-Afrika.
- Die president beklemtoon prestasies en uitdagings van die afgelope jaar en bied inligting oor die jaar wat voorlê.

(Enige relevante 2 × 1) (2)

6.1.2

- Nasionale Vergadering
- Nasionale Raad van Provinsies (2 × 1) (2)

6.1.3

- Moet betrokke wees by besprekings met die publiek
- Moet mense in hul kiesafdeling help
- Neem deel aan debatte oor wetsontwerpe wat ter tafel gelê is en bespreek belangrike kwessies
- Betrokke by komiteeverhore
- Volledige vryheid van spraak
- Ministers beantwoord vrae oor hul staatsdepartemente

(Enige 4 × 2) (8)

6.1.4

- Keur wette goed
- Verwys wette terug vir heroorweging
- Belê kabinetsvergaderings
- Stel kommissies van ondersoek en ambassadeurs aan
- Verwys geskille wat in die parlement mag voorkom, na die konstitusionele hof of ander toepaslike instelling
- Aanstelling en erkenning van diplomatieke beamptes
- Onderhandeling en ondertekening van internasionale ooreenkomste
- Proklameer referendums
- Amnestie/kwytskelding van oortreders
- Aanstelling van adjunkpresident en lede van die kabinet
- Ontslag van adjunkpresident en ministers
- Bestuur die kabinet
- Formulering en uitvoering van die nasionale regering se beleid
- Toekenning van funksies aan uitvoerende adjunkpresident

(Enige 6 × 2) (12)

6.1.5
- Parlementêre wette handel oor sake wat nie effektief deur provinsiale wetgewing gereguleer kan word nie.
- Parlementêre wette handel oor sake wat gereguleer of gekoördineer moet word deur eenvormige norme of standaarde wat gewoonlik regdeur die RSA geld.
- Parlementêre wette is nodig om minimum standaarde in die hele land te stel vir die lewering van openbare dienste.
- Parlementêre wette is nodig vir die instandhouding van ekonomiese eenheid, rykdom en sekuriteitsdienste, die beskerming van die omgewing, die bevordering van provinsiale handel en ander belangrike dienste wat deur die nasionale wetgewing gereguleer word. (4 × 2) (8)

6.2
- Generiese administratiewe funksies
  Verwys na algemene funksies wat in enige organisasie of instelling verrig word

- Ondersteunende funksies
  Verwys na funksies wat uitgevoer word om die organisasie of instelling te verbeter of te ondersteun

- Instrumentele funksies
  Verwys na funksies wat nodig is om die werk te verrig, asook die funksies wat 'n amptenaar in staat stel om werk te verrig

- Lynfunksies
  Dit behels alle soorte daaglikse bedryfsaktiwiteite wat betrokke is by die bereiking van die instelling se doelstellings (Enige relevant 4 × 2) (8)

[40]

TOTAAL AFDELING B: 160
GROOTTOTAAL: 200

Kopiereg voorbehou